

“Everything that irritates us about others can lead us to an understanding of ourselves” Carl Jung

SUID-AFRIKA SE SAKE TEEN EU-SITRUSMAATREËLS BEWEEG VORENTOE BY WHO

Met die ondersteuning van die CGA, het Suid-Afrika vandeeweek die samestelling van twee panele by 'n vergadering van die Dispuutbeslegtingsliggaam (DSB) van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) versoek, om te ondersoek wat na Suid-Afrika se mening, onwetenskaplike en diskriminerende maatreëls is wat geplaas word op sitrus wat deur die Europese Unie (EU) van Suid-Afrika ingevoer word. Hierdie stappe is gedoen om die EU se regulasies oor twee afsonderlike plantgesondheidskwessies aan te spreek: Sitrus Swartvlek (CBS) en Valskodlingmot (FCM). Die regulasies word deur die Suid-Afrikaanse regering uitgedaag ten einde die lewensbestaan van tienduizende mense in die plaaslike sitrusbedryf te beskerm.

Tans bestee Suid-Afrikaanse sitrusprodusente miljarde rande per jaar om aan CBS- en FCM-maatreëls te voldoen, wat die bedryf as onwetenskaplik en onnodig beperkend beskou aangesien Suid-Afrika reeds 'n doeltreffende wêreldklas risikobestuurstelsel het wat veilige sitrusuitvoere verseker. Opkomende sitrusprodusente word veral swaar deur die EU-maatreëls getref. Die versoek om die twee panele saam te stel, is 'n belangrike ontwikkeling. Dit is die eerste keer dat Suid-Afrika met 'n dispuut by die WHO verder as die paneelfase van die vasgestelde DSB-proses vorder.

Suid-Afrika het op 15 April 2024 konsultasies met die EU oor die CBS-aangeleentheid versoek, wat 'n proses begin het wat sonder enige resultate geëindig het. Oor FCM het Suid-Afrika konsultasies in Julie 2022 begin, ook met geen bevredigende gevolgtrekking nie. Panele sal nou oor beide sake saamgestel word. Terwyl die EU nie op hierdie stadium Suid-Afrika se versoek vir die twee panele aanvaar het nie, is die vasgestelde DSB-prosedure dat die gevraagde beoordelingspanele by sy volgende vergadering in Julie saamgestel sal word. 'n DSB-paneelverslag kan oor sowat nege maande verwag word.

Die regering se verteenwoordigers het die regsgrondslag van hul klagtes by die WHO-hoofkwartier in Genève herhaal. Dit het die volgende argumente ingesluit:

- Die maatreëls is nie op wetenskaplike beginsels gebaseer nie en word sonder voldoende wetenskaplike bewyse in stand gehou.
- Die maatreëls word toegepas op 'n wyse wat nie in ooreenstemming is met die bepalinge van die Ooreenkoms oor die Toepassing van Sanitêre en Fitosanitêre Maatreëls, waarvan die EU 'n ondertekenaar is, nie.
- Die EU versuim om die maatreëls op 'n eenvormige, onpartydige en redelike wyse toe te pas.
- Die maatreëls is meer handelsbeperkend as wat vereis word om beskerming te bewerkstellig, en daar is redelike beskikbare alternatiewe wat tegnies en ekonomies haalbaar is, wat beskerming op 'n aansienlik minder handelsbeperkende wyse sal bewerkstellig. *Dit is geneem uit 'n mediaverklaring deur Departement Handel, Nywerheid en Mededinging; Departement Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling; en die CGA. Vir die volledige mediavystelling, kontak tanya@cga.co.za*

GEPAK EN VERSKEEP

Die Lemoen Fokusgroep het die afgelope week vergader en marginale afnames tot die jongste voorspelling gemaak, wat beteken dat die totale volume nou effens onder die 170 miljoen kartonmerk val.

Einde van Week 25 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronk- like skatting	Nuutste voorspel- ling	Finaal gepak	Vision 260
Bron: PPECB/AGRIHUB	2022	2023	2024	2023	2024	2024	2024	2023	2024
Pomelo's	13.9 m	10.8 m	11.2 m	9.5 m	9.8 m	16.8 m	14.5 m	14.7 m	16.2 m
Mandaryne	13.8 m	16.4 m	15.9 m	12.5 m	12.4 m	43 m	42.7 m	38 m	39.6 m
Suurlemoene	21.9 m	24.7 m	22 m	20.8 m	18.2 m	37.9 m	35.8 m	35.6 m	39 m
Nawels	13.7 m	12.2 m	11.1 m	7.6 m	7.5 m	25.7 m	21.8 m	24.8 m	22.3 m
Valencias	3.4 m	3.9 m	3.3 m	1.7 m	1.6 m	58.3 m	55 m	52 m	55.4 m
Totaal	66.7 m	68 m	63.5 m	52.1 m	49.5 m	181.7m	169.8 m	165.1 m	172.5 m